Maart - April 2025

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 25, No. 2 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2024 *Tomorrow's World*-tydskrifte



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Die goeie lewe

Dit is natuurlik om 'n gemaklike lewe, sonder pyn en hartseer te verlang. Wie wil nie 'n maklike lewe hê nie? Is 'n lewe van ononderbroke gerief, gemak en vermaak die beste lewe? Watter lewenswyse bring die grootste belonings?

In sy verhandeling *Walden*, het die Amerikaanse essayis, Henry David Thoreau, opgemerk dat "die meeste mense lewens van stille desperaatheid lei". Hy het die klem wat oor die algemeen op materiële rykdom en status gelê word verwerp en ontdek dat hy elke jaar, met slegs ses weke se arbeid, in sy basiese fisiese behoeftes kan voorsien. Thoreau het die waarde van introspeksie en gemak geprys en dit gesien as 'n geneesmiddel vir misplaaste waardes en gierigheid.

Die ses-en-twintigste president van die Verenigde State het die waarde van die lewe heeltemal anders beskou. Theodore "Teddy" Roosevelt was 'n sieklike jong man wat aan erge asma gely het, maar hy het 'n uitdagende lewe nagestreef wat gekenmerk was deur energieke aktiwiteite. Hy was 'n bekwame politikus, 'n skrywer, 'n boer en "'n dapper en bekwame militêre leier. Die aanval (te voet) van die *Rough Riders* het, op *Kettle Hill* tydens die Slag van Santiago hom die grootste nasionale held gemaak wat uit die Spaans-Amerikaanse oorlog gekom het". "Oorweldig deur droefheid as gevolg van die dood van sy moeder en sy vrou op dieselfde dag, het hy in 1884 uit die politiek getree om twee jaar lank op sy beesplaas in die moeilik bewerkbare erosiegebied van Suidelike Dakota deur te bring" ("*Theodore Roosevelt*," *Britannica.com*, 27 Desember 2023).

Roosevelt het besef dat ons geen ware sukses sal vind sonder inspanning, moeite en risiko nie. In gesprek met universiteitstudente in Parys, het hy die bekende woorde gesê: "Dit is nie die kritikus wat tel nie; nie die man wat uitwys hoe die sterk man struikel of waar die doener van dade dit beter kon doen nie. Die eer kom die man toe wat werklik in die stryd is, wie se gesig deur stof en sweet en bloed besmeer is; wie manhaftig daarna streef ... wat besef dat die beste poging aan die einde triomfeer en indien hy misluk, ten minste weet dat hy sy heel beste gedoen het" ("*Citizenship in a Republic*," 23 April 1910).

Thoreau én Roosevelt het verskillende lewensrigtings na 'n sinvolle lewe voorgestaan. Thoreau het met reg die nutteloosheid van die misleidende waardes waarvolgens die meeste mense leef erken, maar hy het hopeloos misluk met betrekking tot die oplossing daarvan. Hy het geleef volgens die denkwyse bekend as transendentalisme – "'n idealistiese denkwyse wat gebaseer is met die oortuiging van die noodsaaklike eenheid van die hele skepping, die ingebore goedheid van die mensdom en die oppergesag van insig bó logika en ervaring vir die

openbaring van die diepste waarhede" ("*Transcendentalism*," *Britannica.com*, 14 November 2023).

Die oortuiging dat die mensdom van nature goed is, is hoegenaamd nie geloofwaardig nie – veral wanneer die mensdom se geskiedenis van oorlog en onmenslikheid in ag geneem word. Thoreau se idees is ook nie in ooreenstemming met die Bybel wat vir ons sê dat die mens se hart ver van goed is nie (Matthéüs 15:18-20; Jeremia 17:9). Thoreau se innerlike soeke na waarheid was tevergeefs omdat hy op die verkeerde plekke gesoek het.

Roosevelt se bewonderenswaardige voorspraak vir harde werk en "in die arena" is in ooreenstemming met koning Salomo se raad: "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag" (Prediker 9:10). Ja, dit is mees-tal die moeilike dinge wat ons doen wat die grootste belonings bring, maar 'n werklik betekenisvolle lewe moet verder strek as die híér en nóú. Salomo se refrein, "Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs" weerspieël hierdie werklikheid (Prediker 1:2). Ons moet vra: *Wanneer die laaste asem uitgeblaas word, wat is die verskil tussen 'n lewe van harde werk en 'n lewe van gemak indien hierdie lewe ál is wat daar is?* Uiteindelik kan daar geen blywende betekenis wees indien die lewe net tydelik is nie.

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Die goeie lewe**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Die "Goeie Nuus" Evangelie** 3
*Jesus Christus het 'n Evangelie van goeie nuus verkondig – dít is wat "Evangelie" in werklikheid beteken.*

**Kanada se opioïedverslawing** 8

**Lig in die donker** 11
*Die verduideliking van bioluminesensie is 'n reuse taak vir evolusioniste – maar dié merkwaardige verskynsel werp lig op die bewys van 'n Meester-ontwerper.*

**God se voortgesette werk in die Verenigde Koninkryk** 14

**Die chaos van 'n grenslose wêreld** 15
*Terwyl immigrasie die wese van ons lewensbestaan in die Westerse lewe uitmekaar skeur, openbaar die Skrif ons Skepper se visie oor hoe die mensdom op die aarde behoort te leef.*

**Gebruik die geskiedenis as instrument** 22

**Paasfees se vyf fatale foute** 24
*Beplan u om hierdie jaar na 'n sonsopkoms-diens tydens Paasfees te gaan? Indien u Jesus werklik liefhet, sal u dit nie doen nie.*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die "Goeie Nuus" Evangelie

**Deur Richard F Ames**

Jesus Christus het 'n Evangelie van goeie nuus verkondig – dít is wat "Evangelie" in werklikheid beteken. Wat is dan die goeie nuus wat Hy verkondig het?

In die *National Geographic*-tydskrif van November 2023, het 'n artikel met die volgende opskrif verskyn: "*The Race to Save The Planet: Can Technology Help Fix the Climate Crisis?*" Die opinie bestaan byna wêreldwyd dat die einde van die wêreld binnekort gaan aanbreek en die bekende *Doomsday Clock* wat deur die *Bulletin of the Atomic Scientists* in stand gehou word, huldig ook daardie mening. Die wyser van die *Doomsday Clock* staan vanaf Januarie 2024 op 90 sekondes voor middernag en dui die mate van gevaar vir die wêreld aan. Dit lyk dus asof ons op die punt staan om onsself te *vernietig*.

Ons smag almal na goeie nuus maar wêreldnuus skok ons om die realiteit van apokaliptiese gevare in die gesig te staar asook die vrees vir 'n komende Armagéddon. Kan die wetenskap ons red? Sal God ons red? Kan ons enige hoop vir die toekoms hê? Is daar énige goeie nuus te vinde? Gelukkig is daar – indien 'n mens weet wáár om te kyk. Daardie goeie nuus is nie net vir u en u geliefdes nie – daar is goeie nuus vir die hele *wêreld*.

Selfs 'n terloopse blik op die boek Openbaring – die laaste boek in u Bybel – openbaar dat daar beslis baie slegte nuus voorlê. Die probleme wat in Openbaring 6 gesimboliseer word deur die vier perderuiters van die Apokalips sal planeet Aarde verwoes voordat Jesus Christus terugkeer: Oorlog, hongersnood, pessiektes, wydverspreide sterfgevalle en die opkoms van 'n bose valse godsdiens wat goed voorkom. *Miljarde* mense sal sterf wanneer hongersnood en siektes oor die aarde versprei, wat sal lei tot 'n kwart van die menslike bevolking se dood. Baie mense sal mislei word deur die onderrig van 'n valse profeet wat reeds te voorskyn sou gekom het en kragte saamsnoer met 'n bose politieke heerser wat deur die Skrif "die dier", genoem word.

Waar is die goeie nuus dan te vinde? Beteken dit dat elkeen van ons gered kan word van die gruwels wat kom en dat ons deel van God se gesin kan word? Dit is *deel* daarvan – daar is egter meer. Jesus van Násaret het voorspel, "geen vlees [sou] gered word" van die Groot Verdrukking indien Hy nie sou terugkeer nie, maar Hy sê ook dat "ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matthéüs 24:21-22).

Ja, die Verlosser van die wêreld *sal* ingryp voordat ons onsself totaal vernietig. Hy sal 'n wêreld van vrede en voorspoed tot stand bring. Die Evangelie wat Jesus kom verkondig het is nie net bloot 'n boodskap van redding vir daardie relatief min mense wat Sy ware leerstellings kon hoor nie; dit is 'n boodskap van Sy komende Koninkryk, wat nie net vrede vir ons hele wêreld sal bring nie, maar ook 'n geleentheid vir redding – met inbegrip van redding vir die miljarde mense wat geleef en gesterf het sonder om ooit Christus se Naam of Sy ware boodskap te hoor.

Daar lê moeilike tye voor, maar Christus se woorde aan die mense van Galiléa is vandag nog op ons van toepassing: "EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15). Christus het die eerste keer gekom om die komende Koninkryk van God aan te kondig en wanneer Hy terugkeer, sal Hy daardie Koninkryk hier op planeet Aarde vestig en dit sal vir *almal* wat al ooit geleef het goeie nuus wees.

**Wat is die "goeie nuus"?**

Selfs die verskillende denominasies binne die hoofstroom "Christendom" onderrig baie verskillende sogenaamde evangelies. Een daarvan is die "voorspoed-evangelie", waarvan die aanhangers valslik verkondig dat alle ware Christene fisies gesond en materieel voorspoedig sal wees. Indien dit waar was, sou dit dan beteken dat die apostel Paulus nie 'n ware Christen was nie. 'n Ander valse lering is ook die "politieke evangelie", wat Christene aanspoor om betrokke te raak by

politieke aktivisme in 'n rampsalige poging om God se Koninkryk op menslike fondamente te bou deur middel van menslike metodes. Diegene wat hierdie en ander valse evangelies verkondig, mag dalk opreg wees, maar hulle is opreg *verkeerd*.

Hoe kan ons die *ware* Evangelie uitken? In die Nuwe Testament van u Bybel word die Engelse woord "*gospel*" uit die Griekse woord *euaggelion* vertaal wat in Afrikaans vertaal kan word as "goeie nuus" of "goeie tyding" ("2098. *euaggelion*," *BibleHub.com*). Ons kan deur hierdie eenvoudige definisie sien dat Christus nie 'n "welvarende-evangelie" of 'n "politieke evangelie" verkondig het nie, maar 'n "goeie nuus"-Evangelie, want Evangelie *beteken* "goeie nuus". Wat is die goeie nuus wat Jesus Christus verkondig het? Die apostel Paulus het die Korinthiese broers gewaarsku dat hulle liggelowig genoeg was om 'n valse evangelie te aanvaar:

> "Want ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval" (2 Korinthiërs 11:2-4).

Die Nuwe Vertaling stel vers 4 só: "Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeë neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as dié wat julle van ons ontvang het."

Die Korinthiërs het 'n valse evangelie aanvaar. Hulle was so verdraagsaam en ineengestrengel dat hulle valsheid as die waarheid aanvaar het. Liewe Lesers, is u *seker* dat u nie dieselfde gedoen het nie? God beveel ons deur Paulus: "Beproef alle dinge; behou die goeie." Die Nuwe Vertaling stel dit só: "... maar toets dit alles, behou wat goed is". (1 Thessalonicense 5:21).

Ons moet vashou aan dit wat goed is – die *wáre* goeie nuus, die Evangelie wat ons Verlosser gebring het. Moenie u predikant of hierdie tydskrif blindelings glo nie. Ondersoek wat u glo en vind sélf bewyse dat u die *ware* Evangelie ontvang het.

Jesus het die komende Koninkryk van God verkondig. Sommige mense glo tog dat dit reeds hier is en dat die kerk daardie Koninkryk is. Die God van die hemel verkondig die komende Koninkryk, wat deur die Koning van die konings, Jesus Christus, regeer sal word en wat nog *nie* gevestig is nie (Openbaring 1:1) "... want die tyd is naby" (vers 3).

Hoe weet ons dat die hedendaagse hoofstroom Christelike kerke nié die Koninkryk van God is nie? Die boodskap is baie duidelik en kragtig verkondig – vanuit die hemel self. Die sewende trompetgeskal sal die grootste gebeurtenis in die ganse menslike geskiedenis aankondig. Lees dit in u eie Bybel: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Dit is die wonderlike nuus van die Evangelie. Die strydende, selfsugtige, onderdrukkende nasies van die wêreld sal deur die Koning van die konings oorwin en beheer word, maar éérs sal die nasies teen Christus veg tydens Sy Wederkoms. "En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf" (Openbaring 11:18).

Volgens die apostel Johannes se woorde, sal daardie Koninkryk gevestig word na "die oorlog van daardie groot dag van

die almagtige God" (Openbaring 16:14). Christus sal daardie stryd wen: "Hulle [die nasies] sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uit-verkore en getrou" (Openbaring 17:14). Uiteindelik: "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaría 14:9).

**Christus sal regeer**

Deur watter soort regering sal alle nasies regeer word? Natuurlik sal die Koninkryk van God deur Hom regeer word. Ons lees: "Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en Here van die here" (Openbaring 19:16). Liewe Lesers, dit is nodig om aan God se kant te wees en u oor Sy komende Koninkryk te verbly – soos Jesus sê, dit is nodig om "te glo [in] die evangelie" (Markus 1:15).

In die komende Koninkryk van God sal alle volke en alle nasies die weg na vrede leer. Dank God vir Sy liefdevolle Regering wat wêreldvrede vir alle nasies sal verseker. Die wonderlike toekomstige wêreld sal 'n universele stelsel van wette hê om Goddelike verlossing en vryheid te verseker. Let op: "En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem" (Miga 4:2).

Oorlogswapens sal verander word na instrumente van vrede en produktiwiteit. Sommige van u mag dalk al die beeldhouwerk buite die gebou van die Verenigde Nasies se hoofkwartier in New York gesien het wat 'n man uitbeeld wat besig is om 'n swaard in 'n ploegskaar te verander. Stel uself voor hoe die wêreld omskep en verander sal word van vernietigende na produktiewe weë. "En Hy sal oordeel tussen baie volke en reg spreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoei-messe; nie *meer* sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Miga 4:3).

Ja, God se Goddelike Rege-ring sal wêreldwye vrede bring. Hierdie ontsagwekkende pro-fesie van die profeet Jesaja sal uiteindelik vervul word:

> "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen" (Jesaja 9:5-6).

**Vandag se Christene sal Christus bystaan**

Christus sal nie alleen regeer nie. God se getroue dienaars van hierdie huidige tydperk sal ook 'n rol hê om te vervul en te regeer onder die Verlosser van die wêreld. Onthou u die visioen van "gedaanteverandering" waarin Jesus 'n verstommende waarheid aan drie van Sy naaste volgelinge openbaar het? Hy het vroeër aan sy dissipels verkondig: "Voor-waar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie" (Matthéüs 16:28).

Van watter "sommige" het Christus gepraat? Hy het die antwoord openbaar in die vorm van 'n wonderlike visioen wat Hy gedeel het. "EN ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op 'n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante ver-ander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom" (Matthéüs 17:1-3).

Ja, die Vredevors sal nie net oor alle nasies regeer nie; Hy sal deur Moses en Elía bygestaan word! Deur wie anders sal Christus nog bygestaan word om die nasies

te regeer? Die apostel Petrus het vir Jesus gevra wat die Apostels se verantwoordelikhede sal wees. "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel" (Matthéüs 19:28).

Die Apostels sal nie die enigstes wees nie. Abraham van ouds wat deur die Skrif genoem word die "erfgenaam van die wêreld" (Romeine 4:13), sal 'n posisie van diens oor die hele aarde beklee. Die regverdige koning Dawid sal weer regeer oor 'n verenigde huis van Israel, herenig met Juda (Eségiël 37:19-25). Ek en u sal ook 'n rol speel in daardie toekomstige Koninkryk indien ons werklik getroue Christene en lede van die liggaam van Christus is. Ons lees: "Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Galásiërs 3:26-29).

Ja, die hedendaagse getroue Christene sal onder Christus dien as konings en priesters! Dit word kragtig en digterlik beskryf in die "lied van die heiliges", wat lui: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (Openbaring 5:9-10).

Hoe kan mense egter óóit blywende vrede ervaar? Slegs deur 'n verandering in die menslike *natuur*. U Bybel openbaar waarom hierdie natuur van die mens 'n probleem is: "... omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie" (Romeine 8:7). Met ander woorde, wat die vlees bedink, is strydig met wat God dink want dit onderwerp hom nie aan die Wet van God nie en kan ook nie. Ons lees ook: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?" (Jeremia 17:9). Die Nuwe Vertaling stel dit só: "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?" Die Evangelie onderrig 'n totale verandering in ons harte, van die vleeslike menslike natuur na God se eie heilige en regverdige Goddelike natuur.

**God se plan vir u**

Indien u op 'n plek in u lewe is waar u tot bekering gekom het en die Evangelie glo soos Jesus dit in Markus 1:15 stel, mag u dalk oorweeg om u lewe aan Christus toe te wy en te begin met berading vir doop. God het dit duidelik gemaak wat 'n berou-volle sondaar behoort te doen: Soos Petrus aan duisende ver-kondig het op die eerste Pink-sterdag na Christus se opstanding: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Die Lam van God, die Messías, Jesus van Násaret, het deur Sy bloed vir ons sondes betaal. Ons is losgekoop deur "die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos" (1 Petrus 1:19). Liewe Lesers, dit is nodig dat u die goeie nuus glo dat u sondes vergewe kan word. Ons het verteenwoordigers in baie dele van die wêreld – indien u berading wil hê aangaande doop, kontak ons gerus by een van ons streekkantore wat op die lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn of besoek ons aanlyn by *wvm.co.za*. Klik dan op "*Omtrent ons*".

Die weg na vrede tussen alle nasies sal 'n verandering in die menslike natuur wees. Daardie verandering begin by opvoeding. Ons leer by die profeet Jesaja dat mense van regoor die wêreld na die hoofstad van die wêreld [Jerusalem] sal reis om her-onderrig te word:

> "En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wan-del. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en reg spreek oor baie

> volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jesaja 2:3-4).

Dit is reg – in plaas daarvan om massiewe uitgawes te bestee om dodelike militêre wapens vir massavernietiging te vervaardig, sal nasies hulle hulpbronne aanwend vir die welstand en vooruitgang van hulle mense. Die Messías, die Vredevors, sal alle mense in Sy Koninkryk leer om hulle van hulle bose dade en vleeslike natuur te bekeer. Hoe sal dit wees vir die mense wat geleef het deur die verskriklike geprofeteerde tye wat voorlê? Hulle sou dan reeds die Groot Verdrukking en ongekende menslike lyding verduur het en die teruggekeerde Christus sal dan vir hulle die goeie nuus van Sy Koninkryk bring, soos Eségiël beskryf:

> "En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul on-reinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee; En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees" (Eségiël 36:24-28).

Ja, God sal volke wat vantevore verwaand was, 'n nederige en ontvanklike hart gee – in staat om van die ware liefde van God te leer. Ons lees: "... dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3). Die hele wêreld sal die weg na vrede en opregte waardes leer.

Dít is die *ware* Evangelie. Ons verlossing is nie 'n selfsugtige een nie – God roep Christene in hierdie tyd om voor te berei vir 'n rol van diensbaarheid in Sy Koninkryk. Ons behoort nie te fokus op materiële gewin in hierdie lewe nie; God wil hê dat ons in oorvloed moet leef (Johannes 10:10) en Hy beloof dat indien ons op die regte dinge fokus, ons oorvloed sal ervaar. Jesus het vir ons gesê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" (Matthéüs 6:33).

**U rol in God se plan**

Die goeie nuus van God se komende Koninkryk openbaar die rol wat getroue Christene in die wêreld van môre sal hê. Ware Christene sal alle nasies as konings en priesters dien en hulle Verlosser, die Koning van die konings bystaan om die wêreld opnuut op te voed volgens die riglyne van ware liefde, vrede en voorspoed. Die Skrif beskryf die rol wat getroue Christene gedurende die sewende millennium van die menslike geskiedenis sal speel – die 1,000-jarige heerskappy van Jesus Christus op planeet Aarde: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

God seën die aarde met ontsagwekkende, majestueuse berge, vrugbare valleie en produktiewe vlaktes. Ons verwonder ons aan kristalhelder mere en onstuimige oseane. Ons waardeer die verskeidenheid blomme, plantlewe, voëls, diere en seelewe. So mooi soos wat die natuurlike wêreld is, sal dit nogtans báie mooier wees in die wêreld van *môre*, wanneer selfs die ware natuur van diere sal verander. Die wonderlike wêreld wat voorlê, die glorieryke Koninkryk van God op aarde, sal skoonheid en produktiwiteit voortbring wat die wêreld nog nooit geken het nie. Jesaja gee vir ons hierdie toekomsblik van die toekomstige tydperk van 1,000 jaar van Christus se heerskappy saam met die heiliges:

*Vervolg op bladsy 20*

# O Kanada! Kanada se opioïedverslawing

**Deur Michael Heykoop**

Terwyl die land van die esdoring, halsoorkop in 'n fentanielkrisis indompel, beskryf God se geïnspireerde Woord 'n weg hoe om die verslawing aan dwelmmiddels te oorkom.

**'n Land benodig 'n oorvloed** van verhandelbare middele of handelsware om 'n uitvoernasie te word. Wanneer ons aan Kanada se uitvoere dink, dink ons dikwels aan olie, motorvervaardiging, kunsmis, koring en hokkiespelers – dinge waarvan Kanada 'n natuurlike oorvloed het of die vermoë het om in groot hoeveelhede op te lewer. Mathieu Bertrand, die hoofsuperintendent van die RCMP [*Royal Canadian Mounted Police*] *for Serious and Organized Crime and Border Integrity*, het in 'n onderhoud met die *CBC (Canadian Broadcasting Corportion)* gesê: "Ongelukkig is Kanada 'n produserende land van fentaniel en sintetiese opioïede. Ons is nie slegs 'n produserende land nie, ons is 'n uitvoerland" *("Canadian-made fentanyl is an internasional problem," CBC.ca*, 18 November 2023). Dit is bekend dat Kanada se opioïeduitvoere Australië en Nieu-Seeland bereik. Verskeie dwelm-klopjagte in en naby Toronto en Vancouver het gelei tot die ontdekking van wat "super laboratoriums" genoem word – onwettige vervaardigingsfasiliteite wat in staat is om miljoene dosisse fentaniel te verwerk.

'n Onlangse artikel in die *Washington Post* beklemtoon die spesifieke bedreiging wat hierdie fasiliteite inhou: "Die super-laboratoriums wat deur die polisie in Kanada gevind word, verskil van dié wat in Mexiko gevind word omdat hulle die dwelm sintetiseer – nie net die saampers van poeier om pille te maak nie, maar ook deur ander chemikalieë by te voeg om die uitwerking van die fentaniel nog sterker te maak" *("Fentanyl super labs in Canada pose new threat for U.S. opioid epidemic," WashingtonPost.com*, 24 Desember 2023).

Alhoewel Kanada se ekonomie al vir 'n geruime tyd deur 'n moeilike tyd gegaan het, spog dit nogtans steeds met die negende of tiende hoogste BBP ter wêreld as slegs die agt-en-dertigste digsbevolkte nasie. Geskiedkundig was Kanada nog altyd trots daarop om sy rykdom te gebruik tot voordeel van sy eie bevolking sowel as om ander nasies te help. Deesdae vind ons dat hierdie opioïedkrisis nog 'n voorbeeld van hedendaagse Kanada se vasberadenheid is om die weg na morele agteruitgang te lei.

**Skrikwekkende statistieke**

Tuisgekweekte produksie verseker ook 'n ruim voorraad van dwelms vir huishoudelike gebruikers. In 2016 het Kanada 'n nuwe strategie aangekondig om die toenemende voorkoms van dwelmgebruik te bekamp. Eerder as om bloot op voorkoming te fokus, is 'n nuwe fokuspunt ingestel, naamlik "skadevermindering". Miljarde dollars is bestee om veilige fasiliteite vir inspuitings, gratis naalde, sterker ondersteuningsdienste vir geestesgesondheidskwessies van geestelike gesondheid te verskaf asook baie ander pogings om die skade wat deur gevaarlike dwelmgebruik veroorsaak word, te verminder. Meer as 30,000 Kanadese het nietemin sedertdien gesterf as gevolg van 'n opioïed-oordosis. In 2022 het gemiddeld 20 Kanadese elke dag aan hierdie voorkombare siekte gesterf.

Mark Haden, 'n professor aan die Universiteit van Brits-Columbië, het die tekortkomings van die huidige program beskryf: "Indien ons sukses gemeet word aan sterftes as gevolg van 'n oordosis, het ons nog steeds 'n algehele ramp op hande" *("Adding up the billions of government dollars directed at Canada's opioid crisis," BIV.com*, 30 Mei 2023).

In 1987 het premier Brian Mulroney 'n wenk van die Verenigde State aanvaar deur 'n "oorlog teen dwelms" te verklaar. Meer as 35 jaar later is nog geen oplossing gevind

om die krisis van Kanadese wat aan dodelike dwelms verslaaf raak te stuit nie. Waarom kan geen oplossing gevind word nie?

**Gevangenskap van verslawing**
U onthou waarskynlik die slagspreuk: "Sê net nee vir dwelms". Dit lyk eenvoudig genoeg. Die boodskap dat die gebruik van dwelmmiddels vernietigend is, is 'n siening waarmee die meeste mense sal saamstem. Min mense sal stry dat die realiteit van opioïed-gebruik, skrikwekkende gevolge het, maar die vraag na die produk neem voortdurend toe. 'n Referaat deur die Mayo-Kliniek beskryf verslawing en hoe selfvernietigende gedrag kragtig kompulsief raak vir iemand wat in die greep van dwelms vasgevang is:

> Verslawing is 'n toestand waar iets wat as genotvol begin het, nou voel soos iets waarsonder 'n mens nie kan leef nie. Dwelmverslawing word gedefinieer as 'n onbeheerbare gevoel dat 'n mens medisyne of dwelmmiddels moét gebruik en aanhou moet gebruik al veroorsaak dit herhaaldelike nadelige skade. Opioïede is hoogs verslawend, hoofsaaklik omdat dit kragtige beloningsentrums [dopamien-afskeiding] in die brein veroorsaak ... Wanneer 'n opioïed-dosis se werking afneem, wil 'n mens daardie goeie gevoelens so gou as moontlik terug hê *("How opioid use disorder occurs," MayoClinic.org)*.

Wanneer daar onder-

# PAASFEES (EASTER)

## *Die storie wat nie vertel is nie*

## *Die Waarheid wat verontagsaam is*

*Elke jaar vier belydende Christene 'n vakansiedag wat bekend staan as Paasfees, maar min mense verstaan die ware oorsprong daarvan. Hoe het dit gebeur dat 'n dag wat veronderstel is om Jesus Christus se opstanding uit te beeld, geassosieer geraak het met die naam van die heidense godin, Eostre? Wat is die oorsprong daarvan om die dag met hasies en gekleurde eiers te vier en wat het dit met mekaar te doen? Wat het hierdie dinge te doen met die opstanding van Christus?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

houde gevoer word of 'n mens met iemand praat wat in die kloue van verslawing vasgevang is, is dit nie moeilik om te besef dat verslawing 'n vorm van slawerny is nie. Wat anders kan iemand buite in 'n sneeustorm laat saambondel vir 'n paar trekke van 'n sigaret en 'n tydelike plesier van nikotien? Terwyl die apostel Paulus aan 'n toenemend groeiende gemeente in Rome geskryf het, het hy mense beskryf as slawe van alles wat deur ons gekies word om te gehoorsaam. "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diens-knegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – óf van die sonde tot die dood, óf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?" (Romeine 6:16).

Opioïede is nie die enigste verslawing wat die mensdom teister nie. Daar is geen tekort aan slegte gewoontes waarvan mense ten volle bewus is dat dit op die lang termyn nadelig is vir hulle nie. Ten spyte daarvan gee ontelbare miljoene verslaafdes hulleself oor aan die beheer van verslawende middels en gedrag, tot so 'n mate dat hulle mediese hulp mag nodig hê om daarvan bevry te word. Verslawings wat so dikwels as vermydelike euwels begin, kan baie mense tragies in onwillige slawe verander. Wanneer ons toelaat dat enige euwels ons gedrag bepaal, raak ons verslaaf daaraan.

**Dit wat bevredig**

Die profeet Jesaja was geïnspireer om 'n leersame gedeelte oor egte waardes te skryf. Die vers is hoofsaaklik bedoel om lig te werp op die volk Israel se geestelike tekortkomings; dit openbaar egter 'n kragtige beginsel wat die verslaafde se fisiese werklikheid beskryf: "Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie?" (Jesaja 55:2).

Dwelmverslaafdes is bereid om hulle beperkte hulpbronne (geld, tyd, gesondheid, verhoudings) op te offer vir iets wat nie op die lange duur selfs 'n bietjie bevrediging sal lewer nie. Gebruikers van dwelmmiddels – vir ontspanningsdoeleindes – kan hulle verlustig in die chemies-geïnduseerde euforie om bedwelmd te raak. Baie individue het in dwelmgebruik verval in die hoop om van 'n lewe wat hopeloos lyk te ontsnap. Die Skrif erken dat om die verkeerde ding te doen wel *kortstondige* plesier tot gevolg kan hê. Moses word beskryf as iemand wat "die genot van die sonde" verwerp het (Hebreërs 11:25). Die hoogtepunte van dwelm-ge-bruik en enige ander verslawing is net dít: *verbygaande* plesier. Uiteindelik verflou die uit-werking van die dwelms en gebruikers word dan gelaat met die gevolge van hulle besluit en 'n leemte wat deur die volgende hoogtepunt van bedwelming gevul moet word.

Verslawing is soos 'n jeuk-plek wat, wanneer dit gekrap word, net vir 'n oomblik ver-ligting gee. Soos Jesaja geïnspireer was om te vra, *Waarom geld spandeer op iets wat nie bevredig nie?* Die voorafgaande vers openbaar wat gewaarborg is om te bevredig: "o ALMAL wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!" (Jesaja 55:1).

God moedig ons aan om te onderskei tussen die waarde van wat ons beskikbaar het en om te prioritiseer dít wat langtermyn waarde het. Dit beteken die verwerping van tydelike, sondige plesier, soos wat Moses gedoen het, ten gunste van die belofte van iets beter. God se belofte is 'n beloning wat groter is as enige fisiese hoogtepunt of verbygaande plesier wat ons onsself kan voorstel. Hy moedig ons aan om sonder geld by Hom te kom koop. Sy belofte kom nie ten koste van ons gesondheid nie en dit lei uiteindelik tot 'n lewe van oorvloed en 'n ewige seën wat ons nie onbevredig sal laat nie.

Indien u meer wil weet oor hierdie belofte, met betrekking tot dit wat ons werklik kan gerusstel, kan u gerus 'n gratis eksemplaar van *Wat is die doel van die lewe?* van die streek-kantoor naaste aan u aanvra - die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of lees dit aanlyn by *TomorrowsWorld.org.* WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Die WERKE van Sy hande
## Lig in die donker

Deur Bryan Fall

Die verduideliking van bioluminesensie is 'n reuse taak vir evolusioniste – maar dié merkwaardige verskynsel werp lig op die bewys van 'n Meesterontwerper.

'n Entjie van die kus van *Cape Horn*, naby die mees suidelike punt van Suid-Amerika, was 'n 23-jarige wetenskaplike op die dek van 'n agtiende-eeuse seilboot besig om fisies weg te kwyn. Hy was op soek na avontuur op die see as die skeepsnatuurkundige aan boord van die *HMS Beagle*. Sy avontuur was egter van tyd tot tyd deur intense seesiekte bederf. Hy sou later van Sydney, Australië, aan 'n familielid skryf: "Ek haat elke golf van die oseaan met 'n passie, wat 'n mens, wat net die groen water vanaf die kus kon sien, nooit kan verstaan nie".

Een nag was egter anders. In die donkerte van die nag van 24 Oktober 1832 is die uiteindelike evolusionêre teoretikus Charles Darwin, deur 'n briljante gesig betower. Darwin het die voorval in sy joernaal aangeteken:

> "Die nag was pikdonker met 'n vars briesie – Die see het as gevolg van sy uiterste helderheid 'n wonderlike en die allermooiste voorkoms ten toon gestel; elke deel van die water, wat bedags as skuim gesien word, het met 'n dof gegloei. Die vaartuig het twee golwe vloeibare fosfor voor sy boeg uitgedryf en in die volgstroom was 'n melkerige spoor van water. So ver as wat die oog kon sien, was die kruin van elke golf helder en as gevolg van die weerkaatsende lig, was die lug net bokant die horison nie heeltemal so donker soos die res van die hemele nie" *("Charles Darwin's Ocean Upwelling," Smithsonian Institution, Ocean.SI.edu*, Februarie 2015).

### Glimmende wesens

Darwin het 'n verskynsel gesien wat *bioluminesensie* genoem word – lewende organismes wat sigbare lig uitstraal wat deur 'n interne chemiese reaksie geproduseer word. In hierdie geval is die ligblou gloed wat hy gesien het, geproduseer deur plankton met die naam *dinoflagellate* ("*dinos*"), so genoem omdat hulle stekels soos dié van 'n dinosourus lyk. Hierdie mikroskopiese organismes produseer 'n chemiese reaksie wanneer 'n molekule met die naam *luciferin*, elektrone van suurstof bekom, in samewerking met 'n ensiem wat *luciferase* genoem word. Die resultaat is 'n klein pakkie lig wat 'n *foton* genoem word.

Die chemiese reaksie kan vergelyk word met 'n houtvuur wat suurstof gebruik in 'n proses wat "oksidasie" genoem word om 'n houtstomp te oksideer wat lig en hitte produseer. Ons klein *dino* produseer egter lig sonder hitte. Die "koel" lig word veroorsaak deur die wrywing van water teen die dinos se stekels. Miljoene fotons stel vir 'n breukdeel van 'n sekonde, ligflitse vry deur die miljoene organismes wat saam verskyn as 'n bestendige gloed wat die see-oppervlak verlig.

Elke foton van lig word geproduseer deur 'n ketting van komplekse faktore: Uitsteeksels wat waterbeweging meganies oes, "ratjies" wat 'n waterval van chemiese veranderings aan die gang sit binnein die sel, met inbegrip van hierdie veranderings teen die wand van 'n interne "sakkie" of orgaanselletjie en uiteindelik, die hittevrye "vuur" wat dan lig produseer. Watter deel van hierdie hele waterval sou onafhanklik ontwikkel en nie deur natuurlike seleksie uitgeroei word nie? Hier sou 'n toevallige kans begin lyk soos 'n 1,000-stuk legkaart wat hom-

self aanmekaar sit deur 'n eksperimenteerder wat die boks skud.

**Toeval of skepping?**

Die jong Darwin het bioluminesensie in soveel verskillende organismes waargeneem, nogtans het hy waarskynlik nie aan mikroskopiese stekels en vinnig opeenvolgende chemiese reaksies gedink nie. Trouens, die vele klasse organismes wat bioluminesensie produseer, het vir Darwin aansienlike ongemak veroorsaak. Hy het geskryf dat hy gesukkel het om te verduidelik hoe soveel evolusionêr onverwante organismes toevallig hierdie ligproduserende kapasiteit het.

Normaalweg vereenvoudig evolusioniste die oorweldigende onwaarskynlikheid dat toevallige komplekse eienskappe, organismes kan ontwerp deur saam te voeg in "evolusionêre diagram". Die *Smithsonian Institution* wei nogtans uit oor die probleem van samestelling: "Die aantal spesies wat bioluminesensie en die variasies in die chemiese reaksies wat lig produseer, is bewyse dat bioluminesensie verskeie kere ontwikkel het – ten minste 40 afsonderlike kere! Hierdie getal bly toeneem namate navorsing nuwe ontdekkings maak. In 2018 het wetenskaplikes ontdek dat die straalvinvisse self 27 afsonderlike kere bioluminesensie, ontwikkel het. Dit is nogal 'n toename van die handjievol kere wat voorheen bekend was" ("*Bioluminescence*," *Smithsonian*, April 2018).

Op land kom bioluminesensie algemeen voor in vuurvliegies, gloeiwurms, swamme en bakterieë. Die meeste diepsee-wesens het die vermoë om hierdie lig voort te bring; dit is in ten minste 10,000 spesies waargeneem, met ongetwyfeld nog vele meer wat ontdek kan word (Aubin Fleiss en Karen Sarkisyan, *"A brief review of bioluminescent systems," Current Genetics*, Augustus 2019). Wat is dus die waarskynlikheid dat bioluminesensie, met sy komplekse stel faktore dít self van niks af toevallig 40 of meer afsonderlike kere saam kon geweef het? Indien 'n mens 'n betreklik minder komplekse polshorlosie op die strand vind, sou dit nie bietjie dik vir 'n daalder wees om die aanname te maak dat die glas, ratte, vere en metaal omhulsel hulleself saamgevoeg het deur die lukrake beweging van seegolwe nie? Wat daarvan om 'n poging aan te wend om daardie verduideliking op meer as 40 verskillende polshorlosies toe te pas?

**Die hand van God is geen dilemma nie**

Die verduideliking van bioluminesensie is vir evolusioniste 'n reuse taak. Die evolusionis Anthony Campbell, probeer om die probleem met die enkele ensiem, *luciferase* op te los. In 'n uitgawe van die *Luminescence*-joernaal gedurende 2012 neem hy hierdie massiewe sprong: *"Al wat nodig is, is 'n soliede hok waarin net 'n paar kritiese aminosure is"* (*"Darwin shines light on the evolution of bioluminescence," ResearchGate.net*, November 2012).

Dit is 'n yslike oorvereenvoudiging, wanneer in ag geneem word dat selfs die eenvoudigste ensiem 'n buitengewoon komplekse en ingewikkelde proteïen is wat soos 'n sleutel funksioneer – in wese 'n bondel geënkodeerde inligting – wat, per definisie, hoofsaaklik ontwerp vereis. Verder kan omgewingsnellers veroorsaak dat hierdie sleutel verander en in 'n ander sleutel "vou" of aan- en afskakel.

Vir verdere verduideliking van hoe selle ensieme en proteïene vervaardig, sien hoofstuk 4 van *Evolution and Creation*: *What Both Sides Miss* deur mnr. Wallace Smith. U kan dit aanlyn lees by *TomorrowsWorld.org* of u gratis eksemplaar bestel by die streekkantoor naaste aan u. Sien die kontakbesonderhede op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

Campbell probeer om sy geloofsprong op navorsing te baseer, maar sy vereenvoudiging bevat 'n noemenswaardige fout. Ironies, proefnemers gebruik ingewikkelde ontwerpte laboratorium-eksperimente in hulle pogings om aan te toon hoe voorlopers van komplekse strukture toevallig kan voortspruit. Selfs vanuit hulle eie wetenskaplike kringe het die navorser Clemens Richert kommer uitgespreek dat mense wat redeneer u mag begin vra "wat het die flesse, pipette en roermeganisme van 'n chemie-laboratorium vervang tydens prebiotiese evolusie, wat nog te sê van die hande van die chemikus wat die manipulasies uitgevoer het". Richert waarsku selfs dat hierdie eksperimente die

argument kan benadeel en die "'Hand van God'-dilemma" soos hy dit noem, tot gevolg kan hê (*"Prebiotic chemistry and human intervention," Nature Communications*, 12 Desember 2018).

**Die Lig van die Wêreld**

Die skepping getuig van die werke van God se hande. Van ontelbare miljarde organismes op land en in die see, tot die chemiese reaksie van bio-luminesensie en sy ongelooflike komplekse ensiem – alles dui op 'n Meesterontwerper (Psalm 19:2; Jesaja 6:3; Romeine 1).

Die geskiedenis van die mensdom is nogtans vol vervalse ligte (Matthéüs 24:24). In elke denkbare vorm is leuens in die wêreld se tradisies, mites, geskiedenis en godsdienste verweef (1 Johannes 5:19; Openbaring 12:9). Ongeag of dit nou die leuens van gekaapte Christelikheid (Matthéüs 7:15-16), Darwin se evolusieteorie (Psalm 10:11, 14:1, 53:2) of wedergebore humanistiese heidendom (Romeine 1:23-24, 28) is, kan ons moed skep dat alle vervalsings uiteindelik sal verbrokkel voor die ware lig wat die duisternis sal deurdring (Jesaja 60:1-3, 19-22). Die skepping getuig van 'n wonderlike en kragtige Skepper en Ontwerper.

Wie dink ú is u Skepper? Stem daardie Skepper werklik ooreen met wat die Skrif sê wie Jesus Christus was, geword het en sal wees? Indien nie, soos Darwin wat in die duisternis verkeer kan u u beurt kry om geskok te word en verbyster te raak wanneer die Skepper van alle lig terugkeer na planeet Aarde om Sy Koninkryk te vestig. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Gebruik die geskiedenis as instrument*

Testament bevat baie verhale wat aangeteken is oor hoe God met Sy mense gewerk het en hoe hulle geloof beloon was; baie van hierdie verhale word in Hebreërs 11 opgesom. Ons kinders kan baie positiewe kwaliteite leer soos volharding, gehoorsaamheid en om te fokus op die lewens van diegene wat daarna gestreef het om "'n beter opstanding te kan verkry" (Hebreërs 11:35).

Kinders kan geskiedenis bestudeer en daardeur kan hulle ook die gevolge van slegte keuses leer. Wanneer Paulus ons meedeel hoe swaar die Israeliete gekry het, dui hy aan hoe Christene verskeie sondige dade wat die Israeliete gepleeg het behoort te vermy: "En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie" (1 Korinthiërs 10:6). Paulus beklemtoon veral afgodediens, seksuele onsedelikheid, om Christus te versoek en om te murmureer oor bose dade waaruit ons kan leer (verse 7-10).

**Pas geskiedenis op onsself toe**

Ouers kan hulle kinders met behulp van lesse uit die geskiedenis leer om hulle te help om sondige gedrag te vermy en sodoende die gevolge van ongehoorsaamheid aan God te vermy. Wanneer ons kinders ouer word, kan hulle sélf dieper in die Woord delf. Op dieselfde manier as hulle ouers, kan kinders die verkeerde lesse uit die geskiedenis leer indien hulle nie verstaan *hoe* en *waarom* sekere gebeurtenisse plaasgevind het nie.

Wanneer ons byvoorbeeld foute sien wat mense deur die geskiedenis heen gemaak het, kan dit maklik wees om te aanvaar dat ons beter as ons voorvaders sou geweet het. Dit is 'n versoeking om onsself in die storie te plaas as die "goeie ouens". Ons sê vir onsself dat ons die getroue Israeliete sou wees – nie die ongehoorsame, sondige, koppiges nie. Wanneer ons dit doen, hetsy uit ydelheid of naïwiteit, kyk ons te maklik die pynlike feit mis dat daar tye in die geskiedenis is wanneer die *oorgrote meerderheid* mense die verkeerde besluite geneem het en ons sou waarskynlik deel van daardie verkeerde meerderheid gewees het. Sou ons *werklik* die derde getroue man gewees het wat langs Kaleb en Josua gestaan het? Is dit nie baie waarskynliker dat ons ook in die versoeking sou kom om, soos die honderdduisende Israeliete wat nie die Beloofde Land binnegegaan het nie?

Deur een les wat Paulus in 1 Korinthiërs 10 aanbied toe te pas, dink ons *regtig* dat ons deur die uittog uit Egipte sou gegaan het sonder om te murmureer? Miskien dink ons dat ons te slim, te

*Vervolg op bladsy 20*

# God se voortgesette werk in die VK

## Deur Simon R. D. Roberts

Hierdie tydskrif wat u tans besig is om te lees is 'n voortsetting van God se Werk waarin 'n "roof"-radiostasie aanvanklik 'n belangrike rol gespeel het.

Wie kan *Radio Caroline* nog *onthou*? As die eerste 1960's "roofstasie" ['n stasie wat uitgesaai het sonder 'n geldige lisensie] wat uitsluitlik op die Verenigde Koninkryk gerig was, was *Radio Caroline* bekend vir sy baanbrekersmetode van uitsaai vanaf 'n skip wat 'n entjie weg van die kus van Engeland vasgemeer was. Hierdie radiostasie het egter 'n belangrike bydrae tot méér as net gewilde kultuur gelewer. Dit het ook 'n sleutelrol gespeel omdat dit tot gevolg gehad het dat God se Woord op 'n breër uitgebreide luisteraarsplatform uitgesaai kon word.

Oor 'n tydperk van drie jaar het die aantal *Radio Caroline*-luisteraars na daardie spesifieke Bybelgebaseerde program, geleidelik toegeneem en sommige getroue Kerklidmate wat destyds gereageer het, leef vandag nog. Die *Wêreld van Môre*-tydskrif wat u nou hier te lees, is deel van die voortsetting van God se Werk, waarin *Radio Caroline* 'n verrassende en belangrike rol gespeel het.

**Die ontstaan van *Caroline***

In 1964 het die Ierse entrepreneur Ronan O'Rahilly die voorbeeld gevolg van die Deense pioniers wat *Radio Mercur* op die been gebring het en wat kommersiële radio vanaf 'n vaartuig wat in internasionale waters vasgemeer was, uitgesaai het. O'Rahilly het 'n gebruikte 700-ton Deense passasiersveerboot, die *Fredericia*, gekoop om as 'n radio-uitsaaiplatform te gebruik. Op 'n reis na die Verenigde State vir die doel om fondse in te samel het O'Rahilly in die tydskrif *LIFE* 'n foto gesien van president John F. Kennedy waarop hy sy kinders toejuig terwyl hulle in die *Oval Office* dans en só die gewigtige regeringsake rondom hulle versteur het. Daar word beweer dat hierdie foto O'Rahilly geïnspireer het om sy radiostasie na Kennedy se dogter Caroline, te vernoem.

MV *(Merchant Vessel) Caroline* het in die see, ongeveer drie myl van die kus van *Felixstowe* af, net buite Britse territoriale waters, voor anker gelê en het op Saterdag 28 Maart 1964 deur die loop van die dag gewilde musiek begin uitsaai, wat die *British Broadcasting Company (BBC)* onaanvaarbaar gevind het. Kort voor lank het 'n drie-jaarlange stryd begin tussen die Britse regering, die *BBC*-reëltoepassers en daarná het hulle bekend geraak as "roof"-radiostasies, met inbegrip van *Radio Caroline*.

Terwyl *Radio Caroline* en ander aflandige stasies uitgesaai het, het dit God se Kerk 'n unieke korttermyn-geleentheid gebied vir 'n "geopende deur" om die Evangelieboodskap aan miljoene huishoudings in die VK uit te saai (Openbaring 3:8). Die radioprogram *The World Tomorrow*, wat van laat in 1964 tot Augustus 1967 uitgesaai is, was 'n voorganger van die hedendaagse *Tomorrow's World*-program.

*MV Caroline* het later nader aan die *Isle of Man* in die Ierse See gevaar en *Caroline North* geword, terwyl 'n ander skip, *MV Mi Amigo 9*, *Radio Caroline South* geword het. Gesamentlik, het hulle seine die hele Britse vasteland gedek. Ander buitelandse radiostasies soos *Radio London* het ook *The World Tomorrow-program* uitgesaai met 'n gesamentlike potensiële gehoor van ongeveer 55 miljoen luisteraars.

Die VK regering kon nie hierdie aflandige stasies reguleer nie, aangesien dit buite Britse territoriale waters bedrywig was. In plaas daarvan het Britse reguleerders van 'n statutêre wet gebruik gemaak om hulle stil te maak. Dit is die *Marine Broadcasting Offences Act of 1967* genoem. Dit het nie die stasies se werking direk verbied nie, maar het dit eerder 'n kriminele oortreding gemaak vir Britse burgers om vir hulle te werk of om te help om die stasies te bestuur. Dit het in Augustus 1967 in werking getree en die meeste

*Vervolg op bladsy 21*

# Die chaos van 'n grenslose wêreld

## Deur Wallace G Smith

Terwyl immigrasie die wese van ons lewensbestaan in die Westerse lewe uitmekaar skeur, openbaar die Skrif ons Skepper se visie oor hoe die mensdom op die aarde behoort te leef.

Immigrasie – veral onwettige of ongemagtigde immigrasie – is besig om die basiese struktuur van die Westerse beskawing uitmekaar te skeur. Vasgevang tussen 'n gevoel van deernis vir die kwesbare mense en 'n strewe om nasionale stabiliteit te handhaaf, staar die Verenigde State en baie Europese nasies 'n byna ongekende uitdaging in die gesig terwyl migrante oor hulle land se grense stroom.

Die situasie is veel meer as 'n blote politieke uitdaging of 'n uitdaging van beleidmaking. Op sekere maniere neem die instroming van migrasie die aard van invalle aan – destabilisering van die lande vir bestemming, oorweldigende regeringshulpbronne en die vergroting van die diep skeure wat dekades van samelewingspolarisasie geskep het. Vir die Weste het die uitdaging van migrasie 'n krisis in alle opsigte geword.

Die migrasiekrisis skep tog vir ander mense ook 'n geleentheid. Opportuniste en sinici sien 'n geleentheid om 'n lankgekoesterde visie van 'n wêreld *sonder* grense met geweld te bevorder, terwyl baie mense graag die huidige krisisse wil gebruik om die wêreld volgens hulle eie idees te hervorm. Sou die vervulling van so 'n visie egter 'n utopiese droom of 'n aaklige nagmerrie inlui?

Die enigste manier om die migrasiekrisis en die oplossing daarvan ten volle te verstaan, is om dit *nie* deur die lense van politieke pragmatisme, ekonomiese en demografiese dinamika, kulturele konflik of selfs deur humanitêre deernis te beskou nie. Ons moet die planne en wense oorweeg van die Een wat die mensdom in die eerste plek geskep het – die Een wat binnekort Sy stem sal laat hoor in elke nasie op aarde. Waarom word grense trotseer en oorgesteek en wat hou dit in vir diegene aan elke kant van daardie grense?

**'n Ander nasie binne die nasie**

*The Hill*, berig op 23 Januarie 2024: "Die aantal onwettige immigrante in die land het ongeveer verdubbel onder president Biden. Die Verenigde State het in 2020 sowat 10,2 miljoen onwettige immigrante gehad en nog 10 miljoen immigrante het tydens Biden se presidentskap die land binnegekom. Indien die 20 miljoen onwettige immigrante almal in een staat sou wees, sou dit gelyk wees aan New York as die vierde grootste bevolkte staat".

In werklikheid beteken dit dat 20 miljoen mense die totale voornemende bevolking van onwettige immigrante, 'n "nasie" *binne* die V.S. kan verteenwoordig wat op sigself groter is as byna 'n driekwart van die individuele nasies en afhanklike gebiede van die wêreld. Stel uself voor dat die totale bevolking van Ecuador (18,2 miljoen), Somalië (18,1 miljoen) of Kasakstan (19,6 miljoen) onwettig na die Verenigde State immigreer. Hoe sou so 'n massiewe toestroming van mense die nasie verander? Sal dit 'n verandering van sy waardes en sy kultuur teweegbring? Sal dit hulle politiek verander?

Stel u nou voor dat die toestroming feitlik onverpoosd voortduur en die vergelykings met 'n inval begin redeliker klink.

In sy stryd teen wat selfs baie Demokratiese politici, soos senator John Fetterman, beskou as onbeheerde tot niebestaande grensbestuur deur die Biden-administrasie, het die goewerneur van Texas, Greg Abbott, verklaar dat die 6 miljoen immigrante wat die afgelope drie jaar die suidelike grens onwettig oorgesteek het, nét dít gedoen het: 'n inval.

Om die vlaag van immigrante wat onwettig oor die Rio Grande na Texas swem, te stuit, het Goewerneur Abbott nuwe versperrings en lemmetjiesdraad al langs die grens met Mexiko laat oprig. Die V.S. se hooggeregshof het die Biden-administrasie se gesag om hierdie versperrings te verwyder, gehandhaaf, maar Abbott het – in oënskynlike

trotsering van die federale regering – aan die wetstoepassingsagentskappe van Texas en die *National Guard* opdrag gegee om voort te gaan om meer versperrings op te rig. Die dag nadat goewerneur Abbott 'n brief uitgereik het waarin hy sy besware teen die uitspraak van die Hooggeregshof verduidelik, het 25 Republikeinse goewerneurs 'n brief onderteken wat Abbott se optrede ondersteun. Soos wat een waarnemer opgemerk het, kon daardie stap die grootste Amerikaanse grondwetlike krisis uitgelok het sedert die Burgeroorlog.

**“'n Wapen ... om ons samelewing te destabiliseer”**

Die situasie in Europa is niks beter nie en is waarskynlik erger. Tot onlangs was Swede byvoorbeeld bekend as een van die tien veiligste nasies op aarde, ten spyte van die mees vrygewige asielregulasies in die hele Europa. Hoe sien dit tans daaruit?

In 'n verslag van November 2023 het *The Financial Times* die land se situasie soos volg opgesom: “Die Nordiese land het van een van die laagste vlakke van noodlottige skietvoorvalle in Europa tot een van die hoogste voorvalle in net een dekade gestyg. Goed gevestigde kriminele-bendes, wat grootliks deur tweede-generasie immigrante aangevoer word, maak mekáár nie net meer dood nie, maar vermoor toenemend familielede en ... onskuldige omstanders. Baie van die oortreders is kinders so jonk as 14 wat deur bendes opgelei word om aanvalle uit te voer”.

Gevalle van sterftes deur aanranding met 'n vuurwapen kom nou in Swede voor teen 'n koers wat 80 persent hoër is as in Kroasië. Daar is ook toenemende bewyse dat immigrant-aangedrewe kriminele netwerke “sommige openbare dienste, politieke partye en selfs die strafregstelsel geïnfiltreer het”. Richard Jomshof, 'n lid van die Sweedse parlement, het sonder om doekies om te draai, gesê: “Indien dit vir die volgende twee dekades voortduur, is Swede verlore”.

In Desember 2023, tydens 'n gesprek met die koerant *Telegraph*, het Pole se voormalige premier Mateusz Morawiecki, reguit gesê: “Ja, ek glo wel dat onwettige migrante bedreigings op die lang duur vir Europese vrede, Europese veiligheid en die Europese beskawing op langtermyn inhou”. Hy beklemtoon veral die “groot (getalle) Moslem-migrante uit die Midde-Ooste wat na Duitsland en Frankryk asook ander lande kom en wat die kultuur van daardie lande en hulle nasies wil verander”.

Italië is die swaarste getref deur onbeheerbare immigrasie uit Noord-Afrika. Dit het frustrasies veroorsaak wat daartoe bygedra het dat Italië se huidige premier Giorgia Meloni, in die amp geplaas is.

Migrante probeer dikwels vanuit Italië om Frankryk binne te gaan en dan na ander dele van Europa te reis. Frankryk het egter weerstand gebied en probeer om grensbeheer weer in te stel wat herinner aan die dae voor die Europese Unie, toe vrye beweging beperk was wat 'n kenmerk van die moderne Europese lewe geword het. Soos haar eweknieë in Frankryk, het me. Meloni gewaarsku dat die EU die risiko loop om oorweldig te word deur die toenemende tsoenami van mense wat die vasteland binnestroom.

Die Britse premier Rishi Sunak stem saam. In Desember 2023 het mnr. Sunak, met me. Meloni in gesprek getree tydens 'n byeenkoms van regse Italiaanse politici in Rome en die kwessie bespreek met betrekking tot die migrantekrisis wat die Weste in die gesig staar, asook die kriminele organisasies wat dit vir hulle eie gewin benut:

> “Kriminele bendes sal steeds goedkoper maniere vind om hulle bose handel te bedryf. Hulle sal ons menslikheid uitbuit en dink niks daarvan om mense se lewens in gevaar te stel wanneer hulle, hulle immigrante in hierdie bote op die see sit nie. Ons vyande sal ook sien dat ons nie in staat is om dit te hanteer nie en hulle sal migrasie toenemend as 'n wapen gebruik en mense doelbewus na ons kus dryf om ons samelewing te probeer omverwerp. Indien ons nie hierdie probleem aanspreek nie, sal die getalle net toeneem. Dit sal ons lande oorweldig en

ook ons vermoë om diegene te help wat ons hulp die nodigste het".

**'n Wêreld in pyn**

Mnr. Sunak se woorde weerspieël die deernisvolle sentiment wat dikwels die kenmerk was van die Weste se reaksie op bevolkings wat swaarkry – 'n sentiment wat erken dat, hoewel die vlaag van immigrante 'n wesenlike inval kan vorm, dit nie létterlik een vorm nie. Hoe ongekend die huidige situasie ookal is, die lyding en beproewing wat daarmee gepaard gaan is so oud soos die mensdom self.

Daar is uiteenlopende redes waarom mense die uitdaging aanpak om hulle geboorteland en hulle mense te verlaat om hulleself baie ver weg in 'n nuwe en heel ander land te hervestig. Sommige van hulle word weggedryf as gevolg van oorlogvoering in hulle land wat geweld en vervolging insluit. Die Verenigde Nasies het in Oktober 2023 berig dat meer as 114 miljoen mense deur hierdie soort geweld uit hulle huise verdryf is. Konflik in Mianmar het gelei tot die ontstaan van een van die wêreld se grootste vlugtelingkampe – die Kutupalong-Balukahli-kamp in Bangladesj wat 700,000 vlugtelinge huisves wat gevlug het van die vervolging wat hulle in hulle vaderland in die gesig gestaar het.

Rampe het ook nog altyd 'n rol gespeel. Hongersnood het die antieke aartsvader Abram en sy huishouding gedryf om vir 'n tyd lank in die land van Egipte te woon (Génesis 12:10), net so dryf omgewing en ekologiese rampe vandag nog steeds bevolkings om na veiligheid en sekuriteit te soek. Dit het nou mode geraak vir sommige mense om sulke rampe te verdraai in argumente teen "klimaatsverandering", maar ongeag die oorsaak, plaas natuurrampe werklike druk op mense om hulleself te hervestig. Die genadelose natuurkragte is reeds vir millennia 'n dryfkrag vir migrasie.

Sommige migrante verlaat hulle tuislande, desperaat op soek na 'n toekoms vir hulle gesinne en 'n ontsnapping van die armoede van hulle gebroke nasies wat dikwels regeer word deur regerings wat hulle mense se rykdom mors op sogenaamde ekonomiese modelle of deur korrupte amptenare wat meer belangstel om hulle eie persoonlike bankrekenings aan te vul in plaas van die hongersnood van kinders binne hulle landsgrense te verlig. Desperate en gepynigde mense wat ondraaglike lewensomstandighede in die gesig staar neem, wat dalk die moeilikste besluit van hulle lewens is, om alle besittings wat hulle kan dra in te pak en te begin stap. Die swaarkry wat hulle in die gesig staar op hulle reis na onbekende lande, kan skrikwekkend wees, maar in vergelyking met die ontberings wat hulle in hulle geboortelande ondervind, word die risiko die moeite werd – of dit nou die staptog deur woestyne behels wat oor die suidelike V.S. strek of 'n vaart oor die Middellandse See wat Noord-Afrika skei van Europa. Enige gevare wat die reis inhou, word vêr oortref deur die hoop op 'n beter lewe.

Ongelukkig reis sommige mense na nuwe lande vir meer duistere redes, in die hoop om die gevolge van misdade wat gepleeg is vry te spring of om nuwe gebiede vir kriminele ondernemings te vind. In die boekjaar 2023 is daar in die V.S. byvoorbeeld, 'n rekordgetal van 736 bekende of vermeende terroriste onder die onwettige immigrante gevang. Die mark vir onwettige dwelms soos fentaniel, dryf baie skurke oor die grens om dwelmgebaseerde winste na te jaag.

As gevolg van natuurrampe of van verskeie mensgemaakte bedreigings kan ons leef in 'n wêreld gevul met pyn. Vir baie migrante is die kans om bevry te wees van daardie pyn dus die moeite werd om gevaarlike reise oor riviere, deur woestyne, oor berge en oor stormagtige seë in bote wat skaars seewaardig is te onderneem.

**'n Geleentheid vir skurke asook vir mense met 'n visie van 'n beter lewe**

Menslike ellende bied dikwels geleenthede. Desperaatheid om internasionale grense oor te steek, was 'n oplewing vir smokkelaars en kriminele kartelle wat net waarde heg aan die geld wat hulle kan maak deur desperate migrante uit te buit. In getuienis aan die V.S. se Huis van Verteenwoordigers het agente wat langs die land se suidelike grens diens doen, die

feit duidelik gemaak dat kartelle in Mexiko absolute beheer oor daardie grens het en dit vereis dat migrante verregaande bedrae betaal om gehelp te word en diegene wat probeer om die grens oor te steek sonder om vir die "voorreg" van hulp te betaal, word gestraf met aanranding en selfs tereggestel.

Politici sien 'n geleentheid raak wanneer dit hom voordoen. Gefrustreerde kiesers is kiesers wat op soek is na verandering en baie regerings in die Weste het hoofsaaklik van partye verwissel as gevolg van kommer oor immigrasie. Sommige partye sien woede van kiesers oor immigrasie as 'n sleutel om stemme vir groter agendas te werf. Ander partye sien nuwe immigrante, wettig of onwettig, as nog meer kiesers wat hulle kan gebruik om hulle eie mag te behou.

Sommige partye probeer om immigrasie as 'n onbelangrike kwessie af te maak en erken die nuwe krisisse, maar verkies om dit toe te skryf aan die gevolg van ekonomiese ongelykheid eerder as 'n botsing van teenstrydige kulture en waardes. Daar is ander partye wat 'n stap verder gaan en wat die bestaande geleentheid beskou as 'n kans om ons wêreld op die mees fundamentele wyse te hervorm. In die oë van sulke "visioenêre", is massa-migrasie en vlugtelingkampe nie bloot weerspieëlings van ekonomiese swaarkry, natuurrampe of geweld nie, maar tekens dat die bestaan van *grense opsigself* 'n probleem is. Die huidige migrasiekrisisse bied vir hulle 'n geleentheid om hulle droom van 'n *grenslose utopie* aan te beveel as 'n idee dat die tyd daarvoor nou aangebreek het. Die motiverings wat diegene inspireer wat hierdie fantasie bevorder, wissel van dromer tot dromer, maar hulle invloed op beleid, politiek en kultuur is 'n feitlike werklikheid.

Dit mag dalk verbasend wees dat baie mense nou op grond van *kapitalisme* voorbrand maak vir die opening of selfs om grense uit te skakel. Die miljardêr Charles Koch, is ten gunste van die oopstel van nog méér grense gebaseer op grond hiervan en gebruik sy stigting om aan te dring op hervorming van immigrasie ten einde meer arbeiders na die V.S. te bring. Sommiges gaan selfs verder en redeneer dat daar byna geen beperkings moet wees nie. Die ekonoom Bryan Caplan van die George Mason Universiteit, stel voor dat om grense soveel as moontlik oop te gooi en sodoende die vrye beweging van mense te maksimaliseer, immigrasie 'n 50 tot 150 persent toename in globale produktiewe uitset sal genereer deur die herstel van werkerspotensiaal wat nou in onproduktiewe nasies vermors word.

Ander partye argumenteer, ironies genoeg, ten gunste van oop grense as 'n *aanval* op kapitalisme. Die rubriekskrywer Todd Miller het in Mei 2021 vir *The Nation* geskryf en sy artikel met die titel, *"Visions of a Borderless World"*, skets 'n prentjie van grense wat slegs dien om die rykes en magtiges te help, terwyl die armes en onderdruktes onder beheer gehou word. Prokureur Anita Yandle het in Maart 2021 vir die *Columbia Law School se "Abolition 13/13"* sosiale geregtigheidsprojek geskryf: "Grense is 'n gewelddadige uitbreiding van die tronk- imperialistiese staat". Bekommerd dat haar oproepe vir "globale geregtigheid" teen oop grense sal voorkom, verduidelik Yandle: "Dit is nie om teen oop grense te argumenteer nie; in plaas daarvan is oop grense 'n stap op die pad na die afskaffing van grense (inderdaad die state wat dit beheer)".

Ja, die afskaffing van state, *self*. Yandle laat geen ruimte vir twyfel in haar posisie nie: "Oop grense sal baie kwessies verlig en talle lewens red, maar afskaffing daarvan deur selfs met lande weg te doen, is die oplossing vir die geweld wat grense skep".

Dit mag dalk 'n versoeking wees om sulke sentimente te verontagsaam as idees van regsgeleerdes aan die kantlyn, maar die kulturele en klassieke Marxistiese filosofieë wat die oorsprong is van hierdie idees het lank gelede die beperkings van geleerdes agtergelaat en is nou besig om beleide te vorm – dus ook die samelewings wat daarvolgens leef. Miller en Yandle se uitsprake of sienings is beide ernstige waarskuwings van gevaar. 'n Groot deel van die samelewing se mees opgevoede mense beskou duidelik gedefinieerde en verdedigde nasionale grense op hulle beste as rassisties en

xenofobies en op die ergste as 'n instrument van onderdrukking en skending van menseregte. Volgens die denke van diegene met sulke "visioene", sal die radikale oopstelling van grense – miskien selfs die algehele afskaffing daarvan – nie 'n verdubbeling wees van die chaos wat ons in ons nasies sien toeneem nie. In plaas daarvan is 'n grenslose wêreld die uiteindelike sleutel tot 'n regverdige, lewendige en globale beskawing waarin menslike potensiaal finaal openbaar word.

**'n Baie antieke idee**

Visioene van 'n wêreld sonder grense is glad nie nuut nie. Trouens, dit is amper so oud soos die mensdom self. Millennia gelede, in die vlaktes van die antieke land Sínear, het die mensdom probeer om 'n grenslose wêreld te skep – een volk en een nasie, sonder grense. Ons lees van hierdie poging – die berugte Toring van Babel – in Génesis 11: "EN die hele aarde het dieselfde taal gehad en een en dieselfde woorde ... En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie" (verse 1-4).

In plaas daarvan dat gesinne versprei en nuwe nasies op verskillende plekke op die aarde vestig, het die mense probeer om een in "naam" te bly en het hulle geweier om "verstrooid" te word.

Waarna is God op soek? Politici, beleidmakers, akademici en intellektueles bied almal hulle oplossings, maar wie van hulle soek die leiding van die Een deur wie die mensdom geskep is? Wie vra raad van die Een wat werklik die weg na vrede, vervulling en menslike vooruitgang verstaan? Dit maak nie saak hoe slim ons eie oplossings en filosofieë in ons oë lyk nie, "Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense" (1 Korinthiërs 1:25).

**God se siening van grense**

Ons Skepper se doel van hoe die mensdom op die aarde behoort te leef en die wyse waarop Jesus Christus hierdie wêreld sal regeer na Sy Wederkoms word duidelik gemaak in die geïnspireerde bladsye van die Skrif. Die Bybel toon duidelik dat God onderskeie gesinne oor die hele aarde wil hê.

In die Skrif word nasies hoofsaaklik uitgebeeld as groot families wat uitgebrei het, gedefinieer deur familiêre verbintenisse eerder as politieke idees en regerings – vandaar die vermelding van "die geslag van Egipte" onder die "geslagte van die aarde" gedurende die toekomstige duisendjarige heerskappy van die Messías (Sagaría 14:17-18). Die sprake van *grense* in daardie duisendjarige heerskappy bestaan ook in Jesaja 19:19. God se Woord sê duidelik: "Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel" (Deuteronómium 32:8). Ja, God het grense gestel en nie net vir die mense van antieke Israel nie, soos die apostel Paulus verduidelik: "En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het" (Handelinge 17:26).

Paulus se kort verklaring werp lig op die feit dat álle mense – elke ras, etnisiteit en nasionaliteit – verenig is as afstammelinge van Adam en Eva en dat God Sélf gekies het om *grense* te stel om die woonplekke van die nasies te definieer wat van daardie gemeenskaplike voorouers sou afstam.

Aangesien die God van die Bybel duidelik 'n God van grense is, is enige visie van 'n grenslose wêreld uiteindelik in stryd met hoe Hy wil hê dat Sy wêreld moet funksioneer. Hy het dit duidelik genoeg by Babel gemaak. Daar het die mensdom gepoog om hulle nie aan die Skepper te steur nie, hulle het ook *nie* probeer om afsonderlike nuwe nasies te bou nie of om nuwe woonplekke in die wêreld, ná die vloed, te soek namate hulle families uitgebrei het nie. Die massas by Babel het eerder probeer om God se plan teë te gaan en op een plek te bly as een volk – een nasie.

Hulle uittarting het *nie* goed afgeloop nie – op die ou einde is dit nooit goed om God uit te daag nie. Taal is een van

*Vervolg op bladsy 26*

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Die "Goeie Nuus" Evangelie*

"Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetge-maakte vee by-mekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê by-mekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigeling speel by die gat van 'n adder, en die ge-speende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:6-9).

Kom ons verheug ons in die Evangelie – die goeie nuus van die komende Koninkryk van God. 'n Wonderlike nuwe wêreld kom binnekort en elkeen van ons behoort te bid vir die spoedige koms daarvan. Mag ons almal die profetiese tendense en tekens dophou wat Jesus Christus se triomfantlike, wonderlike Wederkoms aankondig. WvM

# Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

*Vervolg vanaf bladsy 13 – Gebruik die geskiedenis as instrument*

gefokus of te regverdig sou gewees het om te murmureer. Die waarheid is dat dit byna sekerlik nie die geval is nie. Wanneer ons die geskiedenis saam met ons kinders bestudeer, kan ons as ouers aan hulle daarop wys hoe maklik dit is om te kla. Die meeste kinders sal soms kla – sommige van hulle meer dikwels as ander. Baie kinders in die Westerse wêreld het egter klagtes wat dikwels heeltemal onbenullig is in vergelyking met wat die Israeliete tydens die uittog uit Egipte verduur het. Hulle was honger, dors en moeg. Die Israeliete het onder omstandighede gewoond geraak om te kla, maar hoe dikwels kla ons kinders oor *wat* hulle kry om te eet of wat se *vermaak hulle* het? Natuurlik kan ons as ouers ons kinders help om hierdie lesse van die geskiedenis te leer. Ons kinders mag daardie lesse teen ons gebruik indien ons diegene is wat toegee aan die versoeking om te murmureer!

**Die Bybel is die grondslag van die geskiedenis**

Geskiedenis kan 'n wonderlike leermeester wees, maar ouers moet verstaan dat dit maklik gemanipuleer of uitgekies kan word wanneer dit hulle pas of geïgnoreer kan word. Ons as Christenouers het die verpligting om geskiedenislesse te leer asook om daardie lesse akkuraat in ons lewens en die lewens van ons kinders toe te pas. Dit kan 'n ingewikkelde kuns wees aangesien die tyd en energie wat nodig is om dit te doen, mag lyk asof dit buite ons vermoë is.

Gelukkig is daar 'n oplossing vir hierdie probleem. Daardie oplossing is die Bybel. Dit verskaf 'n raamwerk van geskiedkundige feite sowel as lesse wat ons uit daardie feite kan leer. Die Bybel onderrig ons met betrekking tot wat die beloning van geloof is asook die koste daarvan – terwyl dit ons herinner hoe maklik dit is om in 'n versoeking te kom. Dit openbaar selfs profesieë wat bewys dat daar deur die geskiedenis van die wêreld baie erger ryke as die Britse Ryk sou wees! Die bestudering van God se geïnspireerde Woord is die beste manier om te verseker dat ons die feite en lesse van die geskiedenis korrek verstaan.

WvM

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

regterhand van God die Vader (Hebreërs 10:12; 1 Petrus 3:21-22). In Sy hoedanigheid as Hoëpriester en Middelaar tree Hy voortdurend in vir ons, Sy dissipels (1 Timótheüs 2:5; Hebreërs 7:25-26). As ons Skepper en ons Verlosser is Hy waardig om aanbid te word en om ons gebede te ontvang. Indien ons 'n verhouding met Christus het, sal ons Hom gehoorsaam en tot God die Vader bid, maar ons sal nooit vergeet dat dit ons verhouding met Christus is wat ons toelaat om die Vader te ken nie (Johannes 14:6; 17:20-23).

Nee, dit is nie verkeerd om tot Jesus Christus te bid nie. Ons behoort egter nie Christus se opdrag dat ons tot Sy Vader bid, te verontagsaam nie. Ons sal Christus baie meer behaag en eer deur gehoorsaam te wees aan dit wat Hy ons geleer het as om Sy direkte opdrag gering te ag of te ignoreer deur allereers tot ons Vader in die Hemel te bid. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – God se voortgesette werk*

aflandige stasies het geen ander praktiese keuse gehad as om te sluit nie.

**Die *World Tomorrow*-program**

In baie opsigte was *The World Tomorrow* nie versoenbaar met die gewilde boodskap wat in die meeste van die aflandige radiostasies se uitsaaiskedules gevind was nie. *Radio Caroline* het egter betaalde programmering nodig gehad om finansieel te oorleef en so is 'n ooreenkoms aangegaan. Op daardie manier het God die deur oopgemaak vir die ware Evangelieboodskap om uit te gaan na baie mense wat voorheen onbereikbaar was. Radioluisteraars en die sirkulasiegetalle van die *The Plain Truth*-tydskrif het gedurende hierdie tydperk vinnig toegeneem in die VK en mettertyd ook die aantal Kerklidmate. 'n Paar vroeëre VK-lidmate in die hedendaagse *Lewende Kerk van God* het inderdaad op daardie tydstip in die Kerk gekom, nadat hulle boodskappe gehoor het wat hulle ernstig laat nadink het oor wat hulle glo.

Ons gereelde *Môre van Wêreld*-lesers sal besef dat ons hierdie tydskrif saam met ons TV-program, *The Tomorrow's World*, vervaardig om die opdrag te vervul wat God gegee het om die Evangelie van die Koninkryk van God aan die hele wêreld te verkondig – 'n opdrag wat Jesus Christus spesifiek aan Sy dissipels opgedra het. "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom" Mattheüs 24:14). Daardie Werk om die ware Evangelie te verkondig gaan vandag steeds voort, aan-esien ons nog nie die einde van die wêreld se samelewings bereik het nie – die samelewing is nog onder die misleidende invloed van Satan, die duiwel (Openbaring 12:9).

Die boodskap van die Evangelie van 60 jaar gelede het soos vandag, die geprofeteerde afname in die morele standaarde van die Westerse nasies betreur en hoofstroom "Christendom" geïdentifiseer as 'n misleidende mag wat indruis teen duidelike Bybelse leerstellings. Deur *Radio Caroline* het miljoene mense die Skrif se belofte van 'n beter wêreld onder die direkte heerskappy van Jesus Christus gehoor, waar almal geseën sal word indien hulle die Wette van God gehoorsaam. Hierdie boodskap, wat vir byna drie volle jare in die VK uitgesaai is via *Radio Caroline*, het sommige mense ongemaklik gemaak. Dit is nogtans 'n natuurlike neweeffek van die Kerk se plig om sonde in hierdie wêreld uit te wys: "ROEP uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes" (Jesaja 58:1).

Jesus Christus het Self van die begin van Sy bediening af die noodsaaklikheid aangedui om ons van sonde te bekeer en om ons lewenswyse te verander sodat ons in ooreenstemming met God se Wet kan wees: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15). God het vir drie vrugbare jare *Radio Caroline* gebruik om daardie

*Vervolg op bladsy 25*

# Gebruik die geskiedenis as instrument

## Deur Mark Sandor

Een tragedie van ons huidige tydperk is die verwaarlosing van die geskiedenis. Op die persoonlike en akademiese vlak het die samelewing so behep geraak met die híér en nóú, dat feite en lesse van die geskiedenis dikwels geïgnoreer of verontagsaam word. Hoe ver terug kan u u geslagsregister naspeur – dit wil sê u “persoonlike geskiedenis”? Die Bybel openbaar dat die Israeliete hulle afkoms oor verskeie eeue heen kon vasstel (Númeri 1:17-19; vergelyk Matthéüs 1). Ek sal 'n webwerf moet betaal om my te help om meer as drie geslagte terug te kan naspoor!

Dit kan 'n veeleisende taak wees om ons kinders lesse uit die geskiedenis te leer aangesien dit meer behels as om basiese feite te leer; ons moet die korrekte konteks weergee. Dit is egter die moeite werd! Onkundige aannames wat betref geskiedenis is gevaarlik en laat swak bewerkers toe om slegs gebeure wat hulle siening pas, buite konteks van die geskiedenis te kies of selfs die geskiedenis te vervals, dikwels met 'n slinkse agenda.

**Verdraaide feite, foutiewe gevolgtrekkings**

Ek het onlangs 'n aanlyn-opname gesien wat gevra het watter wêreldryk die slegste was. Ek het die een gekies wat ek gedink het sy teenstanders en onderdane die wreedste behandel het. Stel u voor hoe geskok ek was toe ek sien wat die meerderheid mense gekies het – die Britse Ryk! Alhoewel nie perfek nie, behoort enige eerlike ondersoek te openbaar dat Brittanje *nie* die leier was van die geskiedenis se “slegste” ryk nie.

Feite maak in werklikheid saak. Die Britse Ryk *het wel* baie nasionale sondes gepleeg; dit was immers 'n ryk wat oor eeue gestrek het, met miljoene mense en generasies van leiers wat nie in elke situasie die regte besluite geneem het nie en boonop was daar ongelukkig ook baie “vrot appels”. Ander geskiedkundige feite toon egter dat werklike voordele uit Britse heerskappy voorgekom het. Dieselfde kan gesê word van baie ander ryke wat verskillende mates van positiwiteit en negatiwiteit getoon het.

Wanneer ons die geskiedenis van verskillende volke, nasies en ryke leer ken, kan dit ons help om te onderskei wanneer feite en dus ook *idees* gemanipuleer of verdraai is. Terwyl 'n enkele internetpeiling nie te ernstig opgeneem behoort te word nie, het die idee dat die Britse Ryk die slegste in die geskiedenis was, inderdaad aanhangers verwerf. Dit is eenvoudig tog net 'n onkundige of oneerlike aanname van die geskiedenis. Wanneer 'n mens 'n geloofwaardige geskiedenisboek oor die Britse Ryk vind en dit vergelyk met die Assiriese Ryk, die Mongoolse Ryk, die Spaanse Ryk, die Sowjet-ryk of die Derde Ryk “Third Reich” sal u vind dat die Britse Ryk ver van perfek was; u *sal* nogtans sien dat dit gladnie van die slegste ryke in die geskiedenis was nie.

**Vermy vorige foute**

Die lesse van die geskiedenis behoort ons ook in ons persoonlike lewens te help. Ouers wil natuurlik hê dat hulle kinders moet leer sodat foute vermy kan word. Die Bybel bevat baie instruksies wat kinders kan help om dit so te doen. Ouers behoort eerste aan die boek Spreuke te dink as 'n uitstekende boek om saam met hulle kinders te lees, want dit sal hulle blootstel aan goddelike beginsels om besluite te neem. Salomo lei selfs die boek in deur te skryf dat sy doel is “om aan die eenvoudiges skranderheid te gee, aan die jongeling kennis en oorleg” (Spreuke 1:4).

Buiten direkte morele onderrig, behoort die geskiedenis wat in die Skrif aangeteken is, ons te help om lesse te leer. Die apostel Paulus het oor verskeie besonderhede van Israel se verlede nagedink toe God hom geïnspireer het om te skryf: “Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het” (1 Korinthiërs 10:11). Die Ou

*Vervolg op bladsy 13*

# Vrae & Antwoorde

**Behoort ons tot God die Vader of tot Jesus Christus te bid?**

**Vraag:** Jesus se dood en opstanding het die sluier gelig tussen die mens en God die Vader (Matthéüs 27:51; 2 Korinthiërs 3:14-16). Die mense van ouds, het slegs die God van die Ou Testament geken het en Hy is nou geopenbaar as Jesus Christus (1 Korinthiërs 10:4) en anders as hulle het ons nou direkte kontak met die Vader. Waarom is dit nodig dat ons tot Jesus bid? Trouens, is dit nodig dat ons enigsins tot Christus bid, aangesien Hy gekom het om die Vader te openbaar (Matthéüs 11:27; Johannes 14:7)?

**Antwoord**: Dit is verbasend om te besef hoeveel mense in die hoofstroom "Christendom", God die Vader amper heeltemal ignoreer in hulle gebede. Dit is ironies, aangesien Christus Self in Sy "modelgebed" Sy volgelinge geleer het om hulle gebede te begin met die volgende woorde: "Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word" (Matthéüs 6:9). Jesus Christus het Christene persoonlik geleer om hulle gebede tot God die Vader te rig.

Christus, as die Woordvoerder van God, het van ewigheid af saam met God die Vader bestaan (Johannes 1:1-4), nogtans het Hy respek betoon teenoor sy Vader. In ooreenstemming met Sy Vader se wil, het Hy gekies om vlees te word (Johannes 1:14-15). Hy het Homself as die dienaar van Sy Vader beskou en Hy het op geen manier probeer om die aandag van God die Vader weg te lei nie. Hy het Homself inderdaad as ondergeskik aan God die Vader beskou en vir Sy dissipels gesê: "... omdat my Vader groter is as Ek" (Johannes 14:28).

Jesus het Homself nooit teen Sy Vader se wil verset nie. Met die wete dat Hy binnekort gekruisig sou word, het Christus tot Sy Vader gebid: "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" (Lukas 22:42). Jesus was inderdaad één in gedagte, gesindheid en doel met Sy Vader (Johannes 10:22-39).

Ons behoort dus Christus se woorde en voorbeeld te volg en ons gebede hoofsaaklik tot God die Vader te rig. Wanneer ons egter tot die Vader bid, moet ons nooit vergeet dat ons dit net kan doen deur die gesag van Sy geliefde Seun, Jesus Christus nie. "En wat julle ook al doen in woord of in daad, *doen* alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom" (Kolossense 3:17).

**Wees gehoorsaam aan wat Christus onderrig het**

Christus is intiem verbind met Sy Vader. Die apostel Paulus het gehoop dat ons "harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle sekerheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is" (Kolossense 2:2-3). God die Vader wil nie hê dat dit ons aan 'n liefdevolle persoonlike verhouding met Sy geliefde Seun sal ontbreek nie (Matthéüs 17:5).

Die Skrif gee vir ons die voorbeeld van die diaken Stéfanus – die eerste geval van 'n martelaar wat ná Christus se opstanding aangeteken is. "En hulle het Stéfanus gestenig terwyl hy *die Here* aanroep en sê: Here Jesus, ontvang my gees!" (Handelinge 7:59). Selfs aan die einde van sy lewe, terwyl mense besig was om hom te stenig omdat hy onbeskroomd gepreek het, het Stéfanus nie tot God die Vader geroep nie, maar tot Jesus Christus, sy Verlosser, want Stéfanus het geweet dat hy 'n innige verhouding met God die Vader asook met Jesus Christus gehad het.

Jesus aanvaar aanbidding, dit wil sê die eerbied van mense wat tot Hom gerig word. Na Sy opstanding het Hy aan die dissipels verskyn: "Toe kom hulle nader en gryp sy voete en aanbid Hom" (Matthéüs 28:9). Na Sy opstanding en hemelvaart sit die verheerlikte Jesus Christus aan die

*Vervolg op bladsy 21*

# Paasfees se vyf fatale foute

## Deur Wyatt Ciesielka

Miljoene opregte godsdienstige mense sal binnekort Paasfees se sonsopkomsdienste wat sogenaamd toegewy is aan die viering van Jesus se opstanding, bywoon. Een van Satan se grootste misleidings (Openbaring 12:9) is egter om opregte mense te mislei om 'n *valse* Jesus op Paassondag te aanbid. Paassondag is nie tot eer van Jesus nie; inteendeel, Hy het 'n afsku in die viering van Paasfees. Hy is heeltemal gekant daarteen net soos Hy teen alle afgodediens en heidense praktyke is (Deuteronómium 12:29-32). Met hierdie wete in gedagte, kom ons kyk kortliks na vyf fatale foute van Paasfees.

Eerstens, Jesus is nié op 'n Sondagoggend opgewek nie. 'n Noukeurige studie van die Skrif openbaar dat Jesus presiés drie dae en drie nagte in die graf was – net soos Hy beloof het Hy sou wees. Wanneer dit ontken word, word hierdie enigste wonderbaarlike teken van Sy Messíasskap, wat Christus Sélf gesê het Hy aan sy kritici sou gee, verwerp. (Matthéüs 12:39-40). Jesus het op 'n Woensdagmiddag gesterf, net voor die jaarlikse Sabbat wat bekend is as die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brode. Hy was begrawe en 72 uur later – nét voor die einde van die weeklikse Sabbat – dus nét voor sonsondergang op Saterdag, opgewek.

Tweedens, u Bybel veroordeel sonsopkoms-dienste baie duidelik en noem dit heidense gruwels vir God. Sonsopkoms-aanbidding was 'n integrale deel van die antieke Babiloniese godsdiens wat afgelei is van die aanbidding van die heidense godheid Tammus. In Eségiël 8:14-16 word daar in 'n visioen van die Here getoon hoe die antieke Israeliete 'n "gruwel" pleeg "wat Tammus beween" tydens sonsopkoms-aanbiddingsdienste. Soortgelyke tradisies het die aanbidding van afgode van ander figure ingesluit wat die antieke Israeliete van omliggende kulture oorgeneem het, met inbegrip van "die hemelkoningin" (Jeremia 7:18), wat ook onder name bekend is soos Astarte, Astárte en Isjtar – 'n figuur wie se aanbidding voortgeduur het in verskeie kultusse en godsdienste gedurende die Griekse en Romeinse tydperke. Aanbidding van Tammus gaan vandag voort in die vorm van sonsopkoms-dienste tydens Paasfees en gaan gepaard met ander verwante vervalste tradisies waarby die voorafgenoemde afgode betrek is.

Die derde fout is eenvoudig dít: U Bybel veroordeel ten strengste enigiemand wat heidense gebruike in hulle aanbidding insluit, ongeag of enigiemand beweer dat hulle hierdie gebruike onderhou "om Jesus te eer" of nie. Jeremia 10:2 beveel ons: "Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie," en Matthéüs 15:9 eis dat ons nie God se Gebooie vervang deur leringe te leer "wat gebooie van mense is" nie.

Die vierde fout is soortgelyk in die sin dat daar beweer word dat ons Jesus sogenaamd "eer" deur heidense praktyke wat gesonde verstand en gesonde rede te bowe gaan. Dink aan hierdie vraag. Indien u weet dat u aardse vader biefstuk en aartappels vir aandete geniet terwyl hy niks van hamtoebroodjies hou nie maar u weier om biefstuk en aartappels vir hom voor te berei en eerder aanhou om vir hom hamtoebroodjies te maak, sou 'n regdenkende persoon werklik kan redeneer dat u hom respekteer en hom lief het?

God toon in die Bybel hoe Hy aanbid wil word – deur Sy weeklikse Sabbat en jaarlikse Heilige Dae. Hoewel dit dalk tog goed bedoel is, verwerp baie sogenaamde Christene God se Heilige Dae. Boonop beweer hulle dat hulle liefde aan hulle Here en hemelse Vader betoon deur voortdurend te probeer om Hom te dien met wat Hy heidens en afskuwelik noem. Jesus vra aan sulke mense, "wat noem julle My Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46).

Laastens, 1 Korinthiërs 6:9 en Openbaring 22:15 veroordeel diegene wat hierdie gebruike van heidense en afgodediens beoefen en noem dat hulle nie in die Koninkryk van God toegelaat sal word nie. Hierdie is 'n uiters

ernstige aanklag wat grootliks in ag geneem behoort te word deur enigiemand wat aanspraak maak daarop dat hy 'n volgeling van Christus is – veral in die lig van die voorafgaande foute. Sal u die moed hê om hierdie vyf fatale foute in verband met Paasfees te ondersoek en te begin om die werklike waarde daarvan te oorweeg om vry te wees van mensgemaakte godsdienstige tradisies? U sal nie teleurgesteld wees nie.

Vir meer inligting met betrekking tot die oorsprong van Paasfees en wat God sê oor ware, regverdige aanbidding, bestel gerus 'n gratis eksemplaar van ons boekie, *Paasfees: Die storie* wat nie vertel is nie, van die streekkantoor die naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. Indien u werklik graag wil leer hoe om God te behaag en te eer deur die Bybelse Heilige Dae te onderhou waarvan sommiges net om die draai is – in April – kan u uitvind hoé u 'n gratis eksemplaar van, *Die Heilige Dae – God se meesterplan*, kan bekom. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

*Vervolg vanaf bladsy 21 – God se voortgesette werk*

boodskap te versprei.

Christus se fokus het nie verander na Sy op-standing nie. In Matthéüs 28:19-20 het Hy Sy volge-linge opdrag gegee: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.”

**God se voortgesette missie**

God het ons geroep tot die voortgesette missie om Sy Evangelieboodskap in “die teenwoordige bose wêreld” te verkondig, soos die apostel Paulus dit in Galásiërs 1:4 bestempel. Hierdie boodskap is broodnodig, beide in die VK sowel as regoor die wêreld. “Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!” (Romeine 10:14-15).

Wyle dr. Roderick C. Meredith herinner ons in die begin van sy boekie *Glo u die ware Evangelie?*, op 'n roerende wyse: “U ewigheid hang af van u bereid-willigheid om die ware Evangelie te *verstaan* en te *glo*!” Ons moet vuriglik bid dat God deure sal oopmaak sodat die Evangelieboodskap wyd en syd en kragtig sal weerklink (Matthéüs 9:37-38). *Radio Caroline* was vir 'n kort tydjie een van daardie deure.

Net soos daardie luisteraars na die aflandige radio geluister en gereageer het tussen 1964 en 1967, begeer sommige mense vandag om God se ontsagwekkende Waarheid te begryp en 'n verandering in hulle lewens te maak. Is u bereid om u lewe heelhartig aan God oor te gee, saam met Christus te wandel en om die sondes van hierdie wêreld agter te laat en so God se geïnspireerde lewenswyse te volg? WvM

**Watter Dag is die Christelike Sabbat?**

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

*Vervolg vanaf bladsy 19 – Die chaos van 'n grenslose wêreld*

die mees fundamentele verenigende elemente van enige volk, daarom het God soos bekend die volke se tale verwar sodat hulle nie meer met mekaar kon kommunikeer nie (Génesis 11:7). "So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi" (vers 8), wat hulle gedwing het om te doen soos Hy dit van die begin af wou hê.

Ons Vader in die Hemel is konsekwent. Sy wense verander nie (Maleági 3:6), Jesus Christus se denkwyse verander nie (Hebreërs 13:8) en ons kan verwag dat die wêreld wat hulle met Christus se Wederkoms sal begin herbou net sal wees soos wat Hulle wou hê het dat die antieke wêreld moes wees. Ons sien dit in die beskrywings van Jesus se heerskappy gedurende die Millennium: 'n Wêreld van grense en gesinne wat tot nasies groei.

## Geen oplossing buiten Jesus Christus nie

Geen wêreldprobleme kan opgelos word indien ons onkundig is met betrekking tot God se Wette en wense nie. Geen optredes wat in stryd met Sy wil geneem word, kan ooit op die lange duur geluk, vrede en sekuriteit tot gevolg hê nie. Fanatici mag dalk opreg glo in hulle fantasie dat 'n grenslose wêreld die uiteindelike sleutel is vir die mens om te kan floreer, maar God lewer oor hulle en hulle idees dieselfde uitspraak as wat hy oor hulle by die toring van Babel uitgespreek het.

Wat *is* egter die alternatief vir die chaos wat 'n grenslose wêreld bied? Hoe kan miljoene mense wat swaar kry gehelp word sonder om die hulpbronne van hulle gasheerlande te dreineer of konflik aan te blaas, aangesien fundamenteel verskillende kulture in mekaar se nabye teenwoordigheid, mekaar verkeerd kan opvryf?

Op klein skaal gee die Bybel aan ons leiding wat betref ons basiese gesindhede en oriëntasies van ons harte. Ons sien dat die God van antieke Israel, hulle aangemoedig het om medelye met vreemdelinge in nood te hê: "Jy mag ook die vreemdeling nie kwel of hom verdruk nie, want julle was vreemdelinge in Egipteland" (Exodus 22:21; vergelyk Exodus 23:9; Levítikus 19:34; Deuteronómium 10:19). In die Nuwe Testament het Christus die apostel Paulus geïnspireer om te onderrig: "Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen," alhoewel ons eie gesinne en dié van die "huisgenote van die geloof" eerste aanspraak op ons ondersteuning het (Galásiërs 6:10; 1 Timótheüs 5:8).

Op groot skaal moet ons egter die feite erken: In hierdie wêreld – tensy daar wêreldwye bekering en onderwerping aan die heerskappy van Jesus Christus is – *kan daar* geen werklike en permanente oplossing vir die migrantekrisis wees nie. Lyding sal voortduur namate die mens sy hulpbronne wanbestuur, oorlog voer teen sy naaste en ly as gevolg van sy keuse om God uit sy sake te hou. Voorrade sal beperk bly namate die mens 'n bestaan maak uit die grond, terwyl hy homself die seëninge ontsê wat voortspruit uit gehoorsaamheid aan sy Skepper. Veral die nasies van Israelitiese afkoms, met inbegrip van die V.S. en Groot-Brittanje, sal toenemend die gevolge ervaar, wat geprofeteer is wat hulle sal ondervind indien hulle die God van die Bybel verwerp – met inbegrip van die gevolge wat in Deuteronómium 28:43 aangeteken is: "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak."

Op 'n manier is elke migrant se smeking om genade, hulp en geregtigheid – of hy dit weet of nie – 'n uitroep vir die Wederkoms van Jesus Christus en dat Hy Sy Koninkryk van vrede en oorvloed kom vestig. Hy sê: "... sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul". Hy is werklik "die skatte van al die nasies" (Haggai 2:7). WvM

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30, Menlo Park, GP, 0102**
**of skakel : 012 331 0058**

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

**Die geheelbeeld**

Filosowe en staatsmanne gee dikwels goeie advies. Thoreau het tereg opgemerk dat baie lewens leeg is wat in "stille desperaatheid" geleef word. Roosevelt, net soos Thoreau, was lief vir die natuurlike samelewing, maar het ons deur woord en voorbeeld uitgedaag om Thoreau se lewe van gemak opsy te sit in ruil vir wat hy beskou het as 'n meer lonende lewe wat energieke inspanning verg. Wat ontbreek egter by albei perspektiewe, is die geheelbeeld van wáárom ons hier op aarde is. Wat is die doel van die lewe? Die antwoord lê in die geheelbeeld wat die *Wêreld van Môre-tydskrif* aanbied vir diegene wat bereid is om dit te aanvaar.

Die antwoord kan gevind word in die Evangelie van Jesus Christus – 'n boodskap wat min belydende Christene verstaan. Die boodskap van die Koninkryk van God wat wêreldwyd verkeerd verstaan word is 'n integrale deel van die Nuwe Testamentiese geskrifte. Hierdie goeie nuus van 'n komende wêreldregerende Koninkryk waarvan ons deel kan wees, het die begin van Sy bediening aangedui: "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:14-15).

Jesus het gesê dat dit die goeie nuus is waarvoor hy gestuur was om te verkondig. In plaas daarvan om op een plek te bly, "het [Hy] vir hulle gesê: Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur" (Lukas 4:43). Hoeveel Sondagoggend-predikers verkondig hierdie duidelike waarheid aan hulle gehore? Hoeveel gereelde kerkgangers verstaan dit?

Die boodskap van die Koninkryk van God handel nie oor hemel toe gaan nie. Matthéüs bied baie gelykenisse aan waarin die frase "koninkryk van die hemele" gebruik word, maar daar is 'n verskil tussen 'n koninkryk *van* en 'n koninkryk *in*. Markus en Lukas teken dieselfde gelykenisse van Jesus aan deur die uitdrukking "koninkryk van God" te gebruik. Die "Koninkryk *van die hemele*" is dieselfde as die "Koninkryk *van God*". Albei dui op besitting – nie ligging nie – daardie Koninkryk is nie enigsins "in die hemel" nie net so min as wat dit "in God" is. Die hemel se Koninkryk *is* God se Koninkryk en Matthéüs gebruik die twee uitdrukkings afwisselend, soos ons sien in Matthéüs 19:23-24.

Die Koninkryk van God, is 'n integrale deel van Jesus se gelykenisse en gaan oor meer as uiterste inspanning *of* 'n lewe van gemak. Die gelykenis van die mosterdsaadjie is 'n voorbeeld hiervan: "En Hy het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel? Dit is soos 'n mosterdsaad, wat die kleinste is van al die soorte saad op die aarde wanneer dit in die grond gesaai is; en wanneer dit gesaai is, kom dit op en word groter as al die groentesoorte en maak groot takke, sodat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes kan maak" (Markus 4:30-32).

Wat is daardie koninkryk dan? Wat behels dit verder as wat Thoreau en Roosevelt in die vooruitsig gestel het? Hoe hou dit verband met u lewe?

Baie skrifgedeeltes maak dit duidelik dat die Koninkryk wat Jesus op aarde verkondig het, 'n wêreldregerende Koninkryk is waarvan u deel kan wees. Ons lees dat Jesus Koning oor die hele aarde sal wees en vanaf Jerusalem sal regeer (Sagaría 14:8-9). Ons leer dat Dawid koning oor die hele Israel sal wees (Jeremia 30:9) en dat elkeen van die twaalf Apostels oor een van die stamme van Israel sal regeer (Matthéüs 19:27-29).

**Wat baat u daarby?**

Jesus het die "gelykenis van die ponde" vertel omdat Sy volgelinge verkeerd verstaan en gedink het dat Hy 'n letterlike Koninkryk in hulle tyd sou oprig. "'n Man van hoë geboorte het na 'n ver land gereis om vir homself 'n koningskap te ontvang en dan terug te kom. En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom" (Lukas 19:12-13).

Die edelman het na baie dae teruggekom en hy het sy dienaars bymekaargemaak om te sien wat elkeen gedoen het. "En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.
Cape Town TV (**kanaal 263**) van 11:30 a.m. tot 12:00 p.m.

dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede. En die tweede kom en sê: Meneer, u pond het vyf ponde verdien. En hy sê ook vir hierdie een: En jy moet wees oor vyf stede" (Lukas 19:16-19).

Ja, daar is 'n wonderlike beloning vir die paar mense wat deesdae op God se roeping reageer ongeag of 'n mens 'n lewe van gemak of energieke aktiwiteit lei, daar is net een Godsdiens-arena wat aan die einde tel: Soos Jesus vir die ryk jong man gesê het, "as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie" (Matthéüs 19:17).



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**